AFRIKAANSE HOËR MEISIESKOOL
AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL

# Stroom-op

EERSTE TERMYN APRIL 1981

# Werkswinkel vir Skoleredaksies



**Op Vrydagmiddag, 20 Maart het tien Affies, vyf seuns en vyf meisies na Johannesburg afgesit. Die groot trekpleister was nie goud nie, maar 'n werkswinkel vir die redaksies van skoolkoerante. Hierdie kursus word deur die Junior Rapportryerskorps, in samewerking met die departement van kommunikasiekunde van die Randse Afrikanse Universiteit en die dagblad, Beeld, aangebied.**

Die kursus, die jaarlikse hoogtepunt vir skoleredaksies, strek oor 'n tydperk van twee dae.

Met die intrapslag is ons oor die teoretiese sy van die joernalistiek ingelig. Hoofredaksielede van Beeld, het hierdie lesings waargeneem.

Na verversings en verdere lesings, het die kursusgangers kans gekry om na die koshuise te gaan. Na 'n smullekker aandete, is hulle na die SAUK geneem.

Baie opgewonde oor die vooruitsig dat hulle die een of ander televisieheld in die gange gaan raakloop, het die leerlinge met die verkenningstog begin.

Die groepie is dikwels geamuseerd aangekyk as hulle met groot oë en uitroepe van verwondering 'n nuwe vertrek betree het.

Die vertrekke waar die redigering gedoen word, het hulle soos 'n magneet aangetrek.

Die nuusateljee was een van die hoogtepunte. Gesofistikeerde apparaat en die sinchronisasie daarvan is grootliks vir die sukses van so 'n produksie verantwoordelik.

Hierna het die radio-ateljees aan die beurt gekom. Die leerlinge is onder andere in die "Monitor"-ateljees rondgewys.

Na die besondere uitstappie is hulle na 'n nóg interessanter afdeling van die wêreld van kommunikasie geneem. Dit was naamlik na die hoofkantoor van Beeld in Johannesburg.

Na 'n praatjie en skyfievertoning oor die koerantbedryf, is hulle na die "fabriek" van die koerant — die drukpers — geneem. Die leerlinge kon sien hoe 'n koerant letterlik voor hul oë groei.

Laataand is hul elk, met 'n vars koerant, wat eers die volgende dag op straat sou verskyn, terug koshuis toe.

Saterdagoggend het die redaksielede onderhoude met personeellede van die RAU gevoer. Hierna het hulle die berigte geskryf wat uiteindelik in hul eie koerantjie gepubliseer sou word.

Dié middag was almal vlytig aan die werk by **Beeld** se kantore.

Skuins na vyf is die pret gepas afgesluit, toe elkeen hul eie koerantjie, vars van die drukpers, in ontvangs geneem het.

Die drukkersink vloei nou sterker as ooit in die leerlinge se are en hulle is vasbeslote om hulle nie eers deur die drukkersduiwel van stryk te laat bring nie!

# Affies... Verraaiers?

**Hulle sê ons verswak. Hulle sê ons gaan agteruit. Hulle sê daar is nie meer gees nie. Hulle sê ons is net tevrede met tweede en derde plekke. Hulle kritiseer waar en wanneer hulle kan, maar hulle doen niks om dit wat hulle kritiseer te verbeter nie. Hulle is . . . verraaiers!**

Waarom beweer Stroom-op dat Affies vandag vol verraaiers is? Affies is vandag 'n goeie skool, maak geen fout nie en Affies doen sy deel op álle gebiede, en sy naam is dwaarsoor Suid-Afrika bekend. Waarom beweer sekere sogenaamde "Affies" dat ons skool besig is om agteruit te gaan? As die kern van enige instansie so voel oor daardie instansie, is dit logies dat die instansie agteruit sal gaan. **Maar die feit bly staan — Affies gaan nie agteruit nie!**

In die verlede het Affies meer interhoër atletiekbyeenkomste gewen as vandag, maar in rugby het Affies ook maar soms verloor en soms gewen. Swem het Affies altyd teen Boys High verloor in die 1950's en eers later jare het Affies se tennis vooruitgegaan. Van die vyf keer wat Affies die Administrateursbeker in rugby gewen het, was een keer slegs drie jaar gelede. Hoeveel jaar speel Affies nie nou al in die eindronde vir die Administrateursbeker in tennis nie? Hoeveel provinsiale kleurverwerwers liewer Affies nie elke jaar op nie? Hoe ver vorder Affies nie in redenaarskompetisies nie? Hoeveel skole lewer in ses jaar twee Springbokke en drie junior Springbokke in sport op terwyl hul nog op skool is? Hoeveel skole kan spog met dieselfde uitslae as wat Affies die afgelope vyf jaar gehad het? Ek belowe u dat daar min skole, indien enige, is wat hierdie prestasies ewenaar. Sedert vroeër jare het die aantal onderskeidings en akademiese prestasies net toegeneem en nie afgeneem nie (Gaan kyk maar na die ererolle). Die feit bly staan dat Affies sy merk maak op elke gebied moontlik.

As Affies se prestasies ontleed word, sal gesien word dat in die meeste sportsoorte of ander aktiwiteite, Affies altyd ver vorder in die ligas of kompetisies en al wen ons nie altyd nie, behaal ons meestal 'n tweede of derde plek. Hoe kan daar dan mense wees wat sê dat Affies agteruitgaan? Oor die algemeen gesien vaar Affies aan alles wat hy deelneem gemiddeld beter as enige ander skool. Affies is 'n skool wat beter presteer as wat hy behoort te presteer en daarom moet ons tevrede wees met wat ons kry en nie kla omdat dit te min is en dan niks daaraan doen nie, maar ons móét ook strewe om nóg beter te vaar. Dit sal egter nooit gebeur as ons nie eens tevrede is met al ons prestasies nie en kla oor 'n tweede plek in baie dinge terwyl sekere skole 'n eerste plek in een ding kry en 'n laaste plek in 'n ander. Ons moet aanvaar dat ons nie altyd kan wen nie, maar ons moet tevrede wees as ons nie álles kan wen nie, en dan nog streef om altyd beter te doen, sonder om altyd terug te kyk.

Vanjaar se gees was lanklaar so goed, danksy die matrieks. Op die oomblik dra die matrieks die skool en sonder die res van die hele skool se hulp kan hulle nie berge versit nie. Affies, die matrieks vra julle, die matrieks beveel julle, hulle eis dit van julle dat julle as Affies hulle sal help om hierdie skool te dra, ook volgende jaar as hulle nie meer daar is nie, om van hierdie skool, die beste in die land, die beste in die wêreld te maak. Kom "boys", saam met die meisies kán ons en sál ons die ander wys wat in ons steek, maar as ons nie elke keer wen nie, gaan ons nie op 'n hoop sit en sê: "Affies gaan agteruit nie", maar ons gaan dit aanvaar as deel van die lewe, vorentoe kyk en die toekoms met moed tegemoet storm, om elke keer bo uit te kom.

Affies, jy is die kern van ons volk, jy is die simbool van Afrikaans en die Afrikaner, jy is die skool met die grootste Afrikanertradisie in die land, jy is die skool wat ander laat bewe, jy is die skool wat almal beny, jy is dit wat elke Affie laat trots voel, jy is die opvoeder van duisende mense en baie geslaagte, jy is dié skool in Pretoria, jy is "dié" skool in transvaal, jy is dié skool in Suid-Afrika, jy is dié skool in dié wêreld! Affies, jy is bo, en bo sal jy bly!


# MY EN JOU SA VAN MÔRE? DR FLIP SMIT

**Dr Flip Smit maak die stelling dat uit 24 miljoen mense in die huidige Suid-Afrika, slegs 18%, d.w.s. 4½ miljoen, Blank is. Ten opsigte van die huidige groeikoers sal die Blanke teen die jaar 2000 slegs 12% van dié bevolking uitmaak. En steeds in die tendens dat Blanke skole leër word, trouens daar is meer Nie-Blankes op skoolbanke as die hele Blanke bevolking van Suid-Afrika. Die Blanke matrikuleringsyfer is gelyk aan die van die Nie-Blanke.**

Op die oomblik word die Blanke deur wette beskerm, maar hoe gaan die Blanke hom self handhaaf in die toekoms? Dr Smit gee 'n paar oplossings:

1. Hy sê eerstens dat die draer van die Afrikaanse Taal suiwer gehou sal moet word. Bereidwilligheid om te deel is egter noodsaaklik — hy wat nie deel nie, verloor alles.
2. Hy noem dat 'n konsolidasie in gronddeelname belangrik is. Hierin sal arbeidsbronne en waterbronne gedeel moet word.
3. Hy onderskryf wedersydse respek teenoor mede Suid-Afrikaners veral ten opsigte van kultuurverskille om sodoende menseverhoudinge te verbeter.
4. Die Blanke moet geloof behou. God het 'n taak in Suid-Afrika beskik en sal ons nie onnodig kruppel maak nie.

'Dr Smit sluit af: Ek vrees nie die toekoms nie. Ek plant bome omdat ek in die koelte wil sit en my kinders die vrugte wil laat pluk. Soos in die gelykenis van "die Saaier" sal sommige saad op die harde grond van bevooroordeling val, tussen distels van kwaadwilligheid, maar daar is goeie gesindhede en hiérdie deel vna die saad sal honderdvoudige oeste lewer!



# *Prefektekomitees*

**Besield deur mej Holtzhausen en mev Baardman het die prefekte van 1981 'n spiksplinternuwe indeling gekry. Benewens hul ander pligte, word die prefekte nou in komitees verdeel. Dié onderskeie komitees het hul eie funksies en mikpunte.**

Die prefekteraad bly soos voorheen bestaan. Hul funksie is om leerlinge wat herhaaldelik oortree uit te roep en te vermaan. Dié raad bestaan uit die hoofprefek, Hannelise Brand, die twee vise-hoofprefekte — Nerene van Rooyen en Magda Viljoen en nog twee prefekte: Susan Nel en Randu Burden.

Die dissiplinêr-en-welsynkomitee is verantwoordelik vir projekte vir liefdadigheid en ekstra dissipline in die skool. Die lede is Susan Nel, voorsitster, Isabel, Truda, Alet, Ichte, Nerina, Solet en Amette.

Die verfraaing van die skool, voorsiening van blomme, opruiming van terrein is die verantwoordelikheid van die Omgewing en Blommekomitee. Hier doen Estha, voorsitster, Randu, Karen Nel, Marianne M, Lize, Gisela, Annemarie, Christané en marianne Osterhoff hul deel.

Die finansiële komitee behartig die finansies van die prefekte, wat vir liefdadigheid ens aangewend word. Zelda is die knap voorsitster met Cheryl, Carlien, Marguerite, Mariana en Madelein as lede.

Ons kultuurlewe word bevorder deur die lede van die kultuurkomitee. Louise is die voorsitster, met Susan Barnard en Solet as lede.

Ons sportiewe prefekte van die Sportkomitee sien toe dat alles glad verloop met sportbeoefening. Marieke, ons kranige swemster is voorsitster, met Marianne Osterhoff, Jeanné en Elnemarie as lede.

Corla Wolmarans staan aan die hoof van die Vervoerkomitee wat vervoer reël vir belangrike sport- en kulturele byeenkomste. Haar medelede is Corné Kilian, Hanlie en Lidia.

Met hierdie nuwe tradisie wat ingestel is, poog die prefekte om 'n sterk prefektekorps op te bou om Affies te rigsnoer.

# Redaksioneel

**Heil die Affies!**
**Ja, ja, Affies!!**
**Affies die eerste!**
**Affies gevreesde!!**
**Waarom sê die wêreld so?**
**Afrikaans bly altyd bo!!**

**Wanneer 'n mens so vroeg in die jaar al met trots en tevredenheid kan terugkyk op ons skoolaktiwiteite wat reeds plaasgevind het, kan 'n mens nie anders as om te besef dat daar gróót dinge vir Affies voor die deur lê nie. Dan dink 'n mens onwillekeurig terug aan die puik gees en feesatmosfeer wat op die pawiljoen die botoon gevoer het wanneer die Affies dit betrek het om ons puik atlete toe te juig en toe te sing, veral tydens Interhoër. Die onderlinge samewerking tussen die seuns en meisies waarmee ons opnuut by Pilitch kennis gemaak het, skep hoë verwagtinge en goeie vooruitsigte vir die toekoms. Met so 'n eenheid as basis kan dit nie anders as om goed met Affies te gaan nie.**

**Ek dink ons kan voorwaar met selfversekering en trotse afwagting ons skool se prestasies in die komende termyn dophou, veral met die oog op die naderende rugbyseisoen.**

**Kom ons staan saam en gee betekenis, waarde en gesag aan die woorde van ons kreet deur met ons dade dit uit te bou. Dan, en dan alleen, sal Affies steeds die beste bly.**




# Redaksioneel

Ja, ons verloor toe, maar ek sien haar wen!" Hierdie wyse woorde, uit die mond van 'n wyse vader het mej Holzhausen kort na die Interhoërbyeenkoms begroet.

Wat die wyse vader waarskynlik hiermee bedoel het, is dat alhoewel ons swak gevaar het in die atletiekafdeling, ons die eerste plek in die toeskouerkompetisie ingepalm het.

Waarom het ons so swak gevaar in die atletiek? Waarskynlik weens die powere belangstelling wat daar deesdae in alle skoolaktiwiteite te bespeur is.

Dis nou tyd dat ons op ons jarelange tradisie moet voortbou — en dit nie afbreek nie! Dié onbetrokkenheid moet hok geslaan word. Kom nou Affies, maak volgende jaar geskiedenis en verlaat Pilditch met al die trofeë.

Elna van Niekerk (Redaktrise)



# *'n Kykie in die toekoms*

MET bewondering kyk ek na die ruim pawiljoen met die blou én groen raamwerk. In die gloed van die middagson sien ek die swart, nuutgeverfde nommers op die spierwit sitplekke. Ek sit my spykerskoene op die onderste trappie van die pawiljoen neer, en ek wonder of die seuns al die apparaat uitgedra het. Skielik bulder die stem van mnr Fraser: "Kom julle lamsakke, die Afrikaanse Hoër-atletiekspan beter begin opwarm!" A, dink ek, ek hoop Jaco is vandag hier, hy het my belowe hy sal vir my 'n prent bring van Reinard Schiel in aksie. Ek begin draf saam met die ander draf. Dis óns veld hierdie, groei die besef in my, en óns span, al veertig meisies en veertig seuns, en met nuwe opwinding weet ek: Affies gaan Menlopark uit die aarde uit hol. Terwyl ons heerlik met mekaar gekskeer, dink ek met dankbaarheid terug aan 'n keerpunt, lank gelede, 25 Februarie 1981 . . .

'n A.H.M.-idealis



# Stroom-op: Redaksie 1981

**Redakteur:** Gey van Pittius
**Sub-Redakteur:** Stefan Nell
**Kultuur:** Roelf du Plessis
Gerduan de Munnik
**Sport:** Emil Kuschke
Chris van der Merwe
**Advertensies:** Deon du Preez
Mel Mentz
**Foto's:** Corné Botha
Coenraad Olivier
**Addisioneel:** Marius Coetzee
Willie Koen

# Affie-seuns skaam vir Affie-meisies?

**Ja! Dis defnitief die geval! Kyk net wat het op Interhoër gebeur!! Afrikaanse Hoër Seunskool, het die tweede plek behaal en Afrikaanse Hoër Meisieskool het . . . die seuns "afgetrek" na 'n powere sesde plek. Dis gewis 'n skande en ons sal iets hieraan móét doen.**

Ons kan prááť en praat maar dit moenie by woorde bly nie. Iets moet daaraan gedoen word deur ELKE meisie. Nie net die wat aan alles deelneem en oral is nie, maar ALMAL.

Wat van 'n winteroefenprogram? Ons moet nou al begin oefen om volgende jaar fikste te wees en opdaag by die oefeninge!

Daar was hierdie jaar soms meer onderwyseresse teenwoordig by die oefeninge as dogters (persentasiegewys) en dit is nogal tragedie, nie waar nie?

Daar is niks fisies met ons meisies verkeerd nie en as ons wil, kan ons AFFIES weer die skool maak wat dit was!

Ivette Kruger 10D)



# Sien ek haar wen?

DIE skoot klap . . . vir 'n oomblik is daar stilte . . . die atlete trek weg. Spykerskoene klap op die tartanbaan. 'n Vae druising is in jou are terwyl jy inasem – en uitasem. Êrens hoor jy: "Affies, Affies, Affies . . . " Jou asem brand . . . jy probeer hardloop tot ver bokant die sterre. Uiteindelik is die atlete by die 300-meter merk. Elke spier in jou liggaam werk saam. Die moordende, vinnige pas op die reguit pylvak nader. Jou bene voel lam, jy het lankal vergeet wat is asem. Al wat jy weet, is dat jy uitsak. Jou moed breek byna as die 100m – pylvak voor jou lê, en jy is heel agter. Jy het géén asem meer nie, géén enkele stukkie krag nie, geen stukkie moed meer nie, net 'n wil.

Stadigaan begin jou bene outomaties beweeg. Al vinniger en vinniger en jy word gedra deur "Affies, Affies, Affies . . ." Jy is nie laaste nie, maar nié eerste nie, en so tussendeur die pyn en die snakke na asem wonder jy: "Sien júlle haar wen?"

# WEDSTRYD

**Reëls:**

1) Voltooi die onderstaande vormpie met al die antwoorde
2) Plaas die vormpie in 'n koevert met 20c inskrywingsgeld
3) Skryf bo-op "Vir jou Juffrou"-Wedstryd.
4) Handig die koevert in by mev Louw in kamer 20
5) Die inskrywings moenie later as 1 Mei 1981 ingehandig word nie.
6) Die wenner van die gelukkige boek, nl. "Vir jou Juffrou" sal op Maandag 4 Mei 1981 aangekondig word.!

Knip uit

Naam: ____________________

Ouderdom: ____________________

Standerd: ____________________

**Antwoord die volgende vra:**

1) Wie is die skryfster van die boek "Vir jou Juffrou?" ____________________

2) Hoekom neem jy deel aan die wedstryd? ____________________
*(Nie meer as 20 woorde nie)*
____________________

3) Dink jy dit is die moeite werd om so 'n boek te kan besit? ____________________

# Affies en die rampfonds

MEJ HOLTZHAUSEN het namens die personeel en leerlinge van die Afrikaanse Hoër Meisieskool 'n tjek ten bate van die Rampfonds aan mev Rina Venter oorhandig.

Mev Rina Venter is die presidente van die SAFV. Na die oorhandiging het sy iets meer oor die SAFV vertel.

Mej Holtzhausen was baie in haar skik omdat mev Venter in 'n sekere sin ook 'n Oos-Vrystater is, terwyl

Affies, veral die juniors, die volgende nuus gretig aangehoor nie: Ja, waarlik! Sy het 'n seun in st 8 in die Seunskool. Die jongeheer Venter sal in sy spoor moet trap, of hoe?

HIERMEE wil die Stroom-op redaksie graag vir mej Hönck baie gelukwens met haar aanwysing as een van die 160 geakkrediteerde onderwysers(-esse) in Transvaal. Ons is trots op u!


# LOV 1981

**In sy vierde bestaansjaar raak die LOV 'n gevestigde liggaam in Affie-sport. Die liggaam is gestig met die doel om hulp te verleen by die LO-klasse, by interne sportbyeenkomste en om die sportfasiliteite, in besonder die gimnasium, in stand te hou.**

Vroeg in die jaar is die lede van die LOV van 1981 deur die leerlinge aangewys. Elke standerd het twee verteenwoordigers en vanjaar is Deon du Preez (voorsitter st 10), Nicky Nel (Onder-voorsittter st 9), D Oosthuizen (sekretaris st 9), J Vosloo st 9, M Boyens st 8, J Maritz st 8, E Raath st 7, P du Plessis st 7, E van Schalckwyk st 6 en W van Dyk st 6 as verteenwoordigers van die onderskeie standerds aangewys.

Op 1 Junie 1979 is 'n nuwe era in Affie-sport ingelui, toe die skool se gimnasium naby die swembad oopgestel is. Daar is 'n toenemende belangstelling in die belangrike deel van 'n seun se liggaamlike oefening. Die programme in die gimnasium is met die medewerking van 'n bekende gimnasium-eienaar in die stad, mnr G Maré, opgestel. Ons wil ook hiermee die res van die Affies wie nog nie lid van die gimnasium geword het nie, nooi om hulle as lede in te skryf.

Verder beplan die vereniging onder andere ook om d.m.v. 'n bekende rugbyskeidsregter die voornemende Affie-rugbyspelers die nuwe en veranderde reëls voor te hou.



# ACS

**Die opkomste by die A C S V is bevredigend, maar dié kan beslis verbeter. Daar word weeklik vergaderinge gehou en die A C S V is ook al vanjaar deur die reisende sekretaris besoek. Genoemde persoon het dan ook met die A C S V-bestuur 'n vergadeirng gehou.**

Ons hartlike dank aan mnr Van der Spuy wat aan die hoof van die A C S V staan en baie opoffer om sake reg te laat verloop.

Ons wil ook graag alle leerlinge, maar in besonder die st 6'e en nuwe leerlinge, uitnooi om die vergaderinge op Woensdae in die saal by te woon.

## *KADETORKES 1981*

**Na 'n lang gespook, is die orkes weer gereed vir optredes. Alhoewel daar ongeveer tien nuwe orkeslede is, beteken dit nie dat die orkes enigsins verswak het nie.**

'n Vol jaar met optredes en kompetisies lê voor. Saterdag 14 Maart 1981 was reeds die begin daarvan toe die orkes reeds die oggend vroeg na Eersterus vertrek het vir hul eerste optrede, waar daar aan 'n optog van ongeveer twee uur deelgeneem is.

Saterdag die 28 Maart 1981 is reeds een van die hoogtepunt vir die orkes, die Jooloptog, waar die orkes saam met die trompoppies van Tuks voor in die optog vanaf Bronbergkerk tot op Kerkplein gaan loop.

Nog baie oefening en opofferings sal nog gemaak moet word, maar alles word met nuwe moed en ywer aangepak en die vrugte hiervan sal sekerlik gedurende die jar gepluk word.

J. Naude

*PIGLY-WIGLY*

*Wegneem etes*
*Kry by Pigly-Wigly*
*die lekkerste,*
*langste en grootste*
*"footlongs" in*
*Pretoria*
*By Pigly-Wigly*
*Kry jy waarde*
*vir jou geld . . .*
*vra maar enige*
*koshuisleerling!*

# AFFIES SE GESKIEDENISKLUB

**Die geskiedenisklub was op 2 Maart so bevoorreg om ds P J Cilliers, van die Hervormde Gemeente, pretoria, as ons eerste spreker te hê. Hy het ons oor die baie aktuele onderwerp: "Die Moderne mens en Vryheid", toegespreek. Aangesien hy self nog baie jonk is, kon hy dit baie duidelik vir ons uiteensit en saamvat.**

Ons hoop om in die loop van die jaar nog 'n paar spreeksters te kry, o.a. mev M Malan wat oor die parraatheid van die Suid-Afrikaanse dogter sal praat en Lonette Duncker wat ons meer omtrent die weermagopleiding op George sal vertel. Die matrieks beplan ook nog 'n uitstappie na die effektebeurs in Johannesburg, terwyl die Hirschorn en mev Senekal. Ons standerd agts bekende geskiedkundige plekke in Pretoria sal besoek. Die klub staan onder die bekwame leiding van mej Hirshorn en mev Senekal. Ons standerd verteenwoordigsters is: Annalet Mulder (st 8) en Marianne Osterhoff (st 9).

**Ichte Marais (Voorsitster Geskiedenisklub) en Marguerite Poolman (Sekretaresse Geskiedenisklub).**

# 'n Feesjaar vir die Voortrekkers

**Op 30 Sept. 1931 is die Voortrekkerbeweging gestig. Vanjaar, 50 jaar later, het ons as jong Afrikaners alle rede om trots te wees op hierdie voortreflike jeugbeweging.**

Die doelstellings van die Voortrekkers behels onder andere die inskerping van die Christelike geloof by die jeug, uitbouing van die Afrikanerkultuur, goeie leierskap, bewaring en waardering vir eie bodem; gewoontes van waarneming; ondersoek, waardering, selfbehoud en om diensvaardigheid te ontwikkel.

Ek en my maats vorm die Springbokspan. Ons is 'n heel bedrewe klomp en het al menige kampe saam deurgemaak, asook staptoere, o.a. in die Drakensberge. Ons is baie dankbaar teenoor ons offisiere vir al die kennis wat ons opgedoen het oor enigiets van algemene veldkuns tot rotsklimtegnieke.

Met die verkryging van spesiale onderskeidingstekens verkry 'n mens 'n groot algemene kennis. 'n Mens leer ook die waarde van diens en die genot om bruikbaar te wees. Ons is trots om vanjaar deel te hê aan die 50-jarige bestaan van die Voortrekkers en sien uit na al die avontuur en feestelikhede.

Sersant: Jy bly net daar sit! Dawie, sit! (deel van dialoog).

Danie: Mnr, ek weier dat 'n st 8 vir 'n matriek sê wat hy moet doen!

Dawie oefen nog aan sy laggie — hy sukkel so 'n bietjie.

Mnr: Jako, weet jy hoekom jy daar lag?

Jako: Ja mnr. Mnr het gesê ek moet!

Later

Mnr: Jako, jy moeg gelag het.

Jako: Ek het geprobeer mnr. Ek sal dardie dag lag mnr.

Mnr: Nee Jako, nou! Jy moet voor die spieël jou laggie gaan oefen

Jako: Ja goed mnr.

**Wat sou Vergilius hiervan sê?**

Latynvertalings: Matriek s'n: "Somnus se tweeling is gedra, waarvan die een horing was en die ander 'n glansende olifant."

Die regte een: "Daar was twee poorte by Somnus, waarvan die een van horing gemaak was en die ander een van glimmerde ivoor."


Wat sal Vergilius hiervan sê?!

GANNETTIE

*'n Groot, donker ou het op 'n leierskursus*
*een Saterdagoggend vroeg,*
*'n klein donker nooientjie,*
*toevallig ontmoet.*

*Dit het moeilik gegaan,*
*veral vir hom.*
*Sy was soos 'n kwaai perdebytjie . . .*
*gevaarlik om by te kom.*

*Seunsvriende het hy goed verstaan,*
*maar sy was anders . . .*
*Hy moes probeer en eksperimenteer,*
*en uiteindelik het hy die slag geslaan.*




*Ganettie*

*Hy was 'n oulike ou.*
*Sý weer baie slim.*
*Albei prefekte — goed uitgedink*
*Sake vorder toe sommer baie gou*

*Sy gedagtes het begin dwaal,*
*Sy werk is afgerammel.*
*Soggens voor skool het hy soos 'n mot om 'n kersvlam*
*om die nooientjie gemaal.*

*Sy het haar periodes deurgedroom.*
*Haar werk was afgeknoei*
*Haar gedagtes altyd vêr . . .*
*Haar hart was aan't bloei.*



*Hy het saans deur die koshuis gedwaal.*
*Sy hart en gedagtes was vêr*
*Die dae en aande in die koshuis*
*was skielik eensaam, somber en vaal.*

*Is dit kalwerliefde, of . . .*
*Dui dit dalk op dieper dinge?*
*Ons hoop die hartseer bly weg!*
*En julle twee se paadjie, altyd reg!*

# Kunsklub

**Kuns by Affies is seker die belangrikste kultuurpunt in die skool. Onder leiding van mnr J R Deichmann is daar vanjaar weer eens 'n kunsklub wat uit juniors en seniors bestaan.**

Die samewerking tussen hulle is soos wat dit eintlik in die hele skool verwag word, en almal werk saam in 'n baie aangename en 'n goeie gees. Mnr Deichmann bied aan ons baie verskillende kuns-temas, waarin sommige leerlinge spesialiseer, en oor die algemeen hulle basiese kennis opknap.

As gevolg van dié besondere belangstelling in die kunste is Affies se standaard baie hoog. dit is te danke aan mnr Deichmann wat ons klub streng volgens kunsreëls lei, en orals help waar hy kan.

# SKAAK

**Affies gaan vajaar weer 3 spanne in die liga inskryf. Die bywoning by die oefeninge is heeltemal bevredigend ten spyte van atletiek- en rugbyoefeninge. Dit is net jammer dat skaak nog nie sy regmatige plek op die sporthiërargie van Affies inneem nie, omdat dit deur die ander sportsoorte verdring word.**

Affies het vanjaar weer een van sy sterkste spanne in baie jare, en ons het groot verwagtinge vir die jaar wat voorlê. Affies se krag het na vore gekom toe hy gelykop teen Grey Kollege gespeel het. Grey Kollege was verlede jaar die topskaakskool in Bloemfontein, en 4 van hulle huidige spanlede het verlede jaar die Vrystaatse span by die Suid-Afrikaanse kampioenskappe verteenwoordig.

Dit is verblydend om te sien dat die matrieks ook op skaakgebied hulle deel bydra, wat weerspieël word deur die feit dat vyf van die eerste span se lede in matriek is.

Die skaakvereniging wil graag alle belangstellendes uitnooi om hulle slag te kom toon en ook vir mnre Van der Spuy en Marais hartlik bedank vir hul belangstelling, leiding en opoffering by die skaak.

**Skei-Natklas:**

Mev Randall: "Wat is hund se reël?

Affie: Elke hond kry sy dag, juffrou.

6) 'n Man vervies hom vir 'n paartjie wat agter hom in die fliek sit en praat. Op die ou end draai hy woedend om: "Ek is jammer, maar ek kan nie 'n woord hoor nie." "Regtig," antwoord die ander man verontwaardig "en wat het jy te make met wat ek vir my vrou wil sê?"

7) Jannie: "Ma, mag my en Hennie gaan swem?"
Ma: "Nee Jannie, dis ek en Hennie."
Jannie: "Huh? Wat dan van my?"

# "Do it the Roman way"

**"Ag nee, al weer "De Bello Troiano". Dit is 'n uitroep wat elke Latinis van standerd agt tot aan die begin van standerd nege meer as een maal 'n week desperaat uiter.**

Wat professor Gonin besiel het om elke voornemende Romein die stryd te laat stry, sal net hy weet. Maar stry sal ons stry! Al is dit met trane, ongekende woede en versteekte woedelyse.

En is die vreugde groot as 'n mens uiteindelik die woorde "fabulae finis" onderaan les XXV lees! Sulke geleenthede kan ons ook nie ongesiens verby laat gaan nie – en ons hét dit gevier!

Maandag 2 Maart het 'n pragtige koek in die vorm van Helena van Troje se kop, in die Latynklas lê en wag . . . Dit was geen probleem vir die sewe honger Romeine nie! "Cibum celeriter edimus"

Aan juffrou Visser wat ons toegelaat het om die periode vreetsaam deur te bring — dankie. U is '**n ware** Romein!

St 9-Latynklas.

## *Tipiese sêgoed*

## *LAG EERS*

1) Met die Curriebeker-eindwedstryd stap 'n kaalvoetseuntjie na die hoofpawiljoen, kaartjie in die hand.
Die kaartjie-ondersoeker kyk verbaas na die duur kaartjie en die klein seuntjie.
"Nou toe nou, jou pa is seker baie ryk. Wat doen hy?"
Seuntjie: "Hy soek hom op die oomblik dood na sy kaartjie, Oom."

2) 'n Baie ryk man bestel drie(3) swembaddens vir sy tuin. Toe die werkers met die graafwerk begin, vra sy vrou ontsteld: "Wie het nou drie swembaddens nodig?"
"Ons" antwoord haar man. "Een met warm water as dit koud is, een met koue water as dit warm is en een sonder water vir ons gaste wat nie kan swem nie."

3) "Maar Pa, ek wil rêrig nie Amerika toe gaan nie!"
"Bly stil, en swem "

# Die jaar van gestremde

*Die diskoteek se ligte*
*Flikker elke nag,*
*maar tussen al die mense*
*sit ek alleen en wag.*

*Die mense skarrel om jou*
*die windjie waai ook koud,*
*sal iemand soms net help*
*al is ons soms ook oud?*

*Sien jul ons ooit raak*
*waar ons hier sit en dink,*
*as jul nie eers geriewe*
*geskik vir ons wil dind?*

Dit is vanjaar die jaar van die gestremde. In die verlede is daar soveel ophef gemaak van die "gesondheidsjaar" en ook die "Jaar van die Kind". Duisende plakkate het op straat verskyn en baniere het oral gepryk. Almal het skielik gesondheidsbewus geword en verskeie "trimparke" is aangelê. Miskien was dit 'n goeie ding, maar gaan dit hierdie jaar dieselfde geval wees met die gestremde?

Alhoewel ek nie self gestrem is nie, het ek wel baie vriende wat in hierdie posisie verkeer. Sommige tydelik, ander permanent. In ons daaglikse handel en wandel is ons al so egoïsties dat ons die gestremde nie eers meer opmerk nie. Ons tref hul wel op straathoeke, in die skool, in busse, op kantoor, voorwaar oral aan. Het u al die smekende oë van 'n verlamde gesien wat oor 'n besige straat probeer kom? Kan u die smart begryp wat die gebruik van u bene of selfs algehele verlies van beheer oor u liggaam gaan behels? Kan u uself voorstel om die sensasie van gehoor of visie te verloor? — Nouliks!

Afgesien van ernstige liggaamlike gestremdheid het hierdie moedige mense nie gaan lê nie. Met moed, durf en daad pak hulle die taak aan om weer nuttige onderdele van die samelewing te word, al word hulle dit nie altyd gegun nie! As ons vir 'n oomblik eerlik wil wees, sal ons moet erken dat sommige van ons ongemaklik of selfs vies voel in die geselskap van 'n gestremde persoon. In my eie lewe moes ek op my tande byt en my sieklike afgryse in gestremdheid in my sak steek en doodwerklike pogings aanwend om die persone te aanvaar. Nadat ek die eerste stap geneem het, het 'n hele nuwe, opwindende wêreld vir my oopgegaan, nl die oorwinnarswêreld van die ambisieuse, ywerige gestremde persoon.

Hulle werp alles in die stryd om weer opnuut te begin "lewe" en te funksioneer in die samelewing. Dit is ondenkbaar dat hulle soms deur verrotte jeugdiges met hul "sieklike normes en waardes" — want dit kan nouliks as normes beskou word — gespot, fisies aangerand of selfs beroof word. Kan die regdenkende dit toelaat? Sal God dit duld?

Weet u dat daar feitlik gladnie vir die gestremde voorsorg getref word nie? Hoë geboue word opgerig sonder hysers. Sommige geboue het stelle trappe, maar geen aanloop vir rolstoele is aangebring nie. Miljoene rande word jaarliks spandeer op reuse geboue en sentra. Is dit te veel gevra om voorsiening te maak ir die gestremde?

Ek het die voorreg gehad om 'n lied te skryf vir 'n televisieprogram oor die gestremde en na 'n insiggewende onderhoud met 'n gestremde dame het my oë opnuut oopgegaan vir hul probleem in 'n onbelangstellende, afgelose samelewing.

Afgesien van al die gespot en teenkanting wat hul moet verduur, bly hul staan en dien die samelewing op hul besondere, beskeie wyse.

Doen uself 'n guns en gaan vanaand op u knieë en dank die Vader vir gesondheid, vryheid van beweging, krag en lewe!

Evan Schoombie

# *Koor – 1981*

**Aangesien seuns net kan kompel as hulle sing en dit na 'n ou os met 'n seer tand se gebrom klink as 'n matriekseun sing, het Affies 'n koor tot stand gebring en die teendeel te bewys.**

Die sogenaamde sessies van die skool, nl die onderhoofseun, prefekte, veskeie eerstespanspelers, atlete, geverderde musikante en die bekendes by die skool, het kom aansluit. Manne met harde baarde en ook die met melkbaard. Growwe stemme en fynes. Niemand het geweet wat met hulle gaan gebeur nie.

Mev Smit het met 'n ystere hand die seuns tot orde gebring en hulle jou laat verstaan dat ons hier was om te sing. Met die beginslag het net die musikante uit volle bors gesing. Die ander het gou gevolg en dit was p'n valse gebulder sonder dissipline. Mev Smit het net geglimlag en ons laat voortgaan. Hoe meer ons geoefen het, hoe beter het dit geklink en kan ons, nou onsself met eer 'n koor noem.

Harde oefening sal nog volg, maar aan die einde sal ons kan terugkyk en sê dat 1981 'n jaar van groot dinge was en dat dit met sukses afgehandel is.

B. Heinemann
10 B.

# *MY EERSTE DAG OP HOËRSKOOL*

**Die vegters staan gereed. Die kanonne reeds gelaai, masjiengewere wag, 'n Ruk, 'n donderende lawaai, oorlog . . .!**

Soos 'n vetgesmeerde blits, pyl ek uit my bed! "Die oorlog het begin" eggo dit deur die lang koue gang van die koshuis. Ek duik onder my bed in, maar dan is daar géén skote meer nie. Ek loer uit my "skuiling". "Is die oorlog dan so gou verby?" Verbaas staar my kamermaats na my. Dan onthou ek, dit is maar net die koshuisklok . . . Dan spring ek op, want 'n nuwe dag wag, 'n nuwe jaar . .

Waar's die saal?" Twintig trappe op, twintig trappe af en soos 'n muis in 'n doolhof hardloop ek heen en weer. Soos 'n fontein in 'n woestyn staan hy voor my — dié saal. Net betyds stap ek saam met die ander "Blertse" die saal binne. Hard en luid sing die meisies die skoollied. Met 'n mond vol tande staan ek daar en maak toe maar later my mond oop en toe, soos 'n vis op droë grond! "Ek wens ek het die skoollied geken", maal dit deur my gedagtes — 'n Rukkie later koets ek net betyds agter een van die bome vir 'n matriek. Baie tevrede met myself draai ek om, maar weer eens tref die ongeluk my. ek kyk vas in 'n ander matriek, "goeienaand, ag ek meen, goeie môre Juffrou Ka . . . Re . . .E" Die matriek se oë vlam "Wat is my naam, Blertz?" bulder sy. My hare rys en hoendervel kruip oor my "Juf. . . . Alba" Val dit my meteens by en verlig stap ek weg.

Die aand lê ek in my ou harde koshuisbedjie. Dun straaltjies "krokodiltrane" biegel oor my wange. Buite speel die maan rustig deur die bome, die nagwindjie sing haar trooslied en verlangs huil 'n hond. Vir oulaas maal dit deur my "Wat wag op my?"

Marietjie du Plessis St 6A
(Goebels)

# Ons Televisiesterre

**Wie het gesê Affies kan net op akademiese of rugbygebied uitblink? Sekerlik iemand wat nie bewus is van Affies se potensiaal in die vermaaklikheidswêreld nie. 'n Paar van ons onderwyseresse en leerlinge het nie verniet vanjaar hul debuut op die kykkassie gemaak nie.**

Vroeër vanjaar het ons talentvolle sangonderwyseres, mev De Villiers, in die program, "Serenade", opgetree. Hier het sy met groot sukses van hoor eie komposisies gesing.

Op een van Kraaines se talentaande het Kobie Lemmer een van mev De Villiers se komposisies gevoelvol vertolk.

Ons alombekende mej Hönck het saam met twee ewe bekende Affies, Gey van Pittius en Nerene van Rooyen, 'n suksesvolle bespreking oor Shakespeare se drama: "Merchant of Venice". gevoer. Deur die drama óm te woel, voor- en dandele van Shakespeare se dramas as voorgeskrewe werke te bespreek en die karakters te ontleed, het dié drie 'n lewendige reaksie by die kykers ontlok. Dit kan egter nie agterweë gelaat word dat mev van Schalkwyk 'n belangrike aandeel aan die skryf van die teks gehad het nie.

Graag wil die Stroom-op-redaksie en alle Affies die bogenoemde "televisiesterre" baie geluk wens. met hul puik optredes. Alle sukses word hulle ook vir hulle toekoms in die vermaaklikheidswêreld toegewens.

# 1952 GESKIEDENIS REGEER 1981

**PROF JOHAN HEYNS**

**Diegene wat sê dat geskiedenis net vir fosielagtige historici is, word deur prof Heyns oor die vingers getik. Hy beskou die geskiedenis as 'n handeling waarby die mens betrokke is met die oog op 'n doel. Dit is die mens se "antwoorde" op sy aanspreeklikheid van 'n Godgegewe taak. Hy gee 'n kort opsomming van die Suid-Afrikaanse geskiedenis vanaf 1652. Hierin lê die professor klem op die kommunikasie-behoefte wat lei tot die ontwikkeling van 'n nuwe taal. Dreigemente wat hierdie eie skepping bedreig lei tot 'n behoefte om dit wat eie is te bewaar. En dan volg die Groot Trek as "antwoord" van 'n nuwe volk aan die Suiderpunt van Afrika. En só vleg die "antwoorde" van die mens deur die Suid-Afrikaanse geskiedenis.**

Prof Heyns onderskryf: Ons geskiedenis is gebind aan ons bodem, gebind aan ons mense, gebind aan ons taal, gebind aan 'n eie godsdiens. Indien dit die geval is, dan is geskiedenis mos nie iets wat 'n mens agterlaat nie! Maar jy dra dit saam die toekoms in. Dis deel van menswees, dis deel van volkwees. Hierdeur hoef die mens nie agter te bly met geskiedenis nie. Die nuwe situasies waarvoor die mens te staan kom, hou egter verband met die geskiedenis. Dis kabels in 'n eeue lang ketting.

In die verlede was daar verkeerde "antwoorde". Nou, in 1981 kom nuwe situasies oor die volkspad. Die geskiedenis het fondamentele riglyne gegee en Suid-Afrika is nog nie op 'n ashoop gegooi nie. Dis 'n goddelike geleentheid, nie verleentheid nie. Elkeen staan in 1981 voor 'n uitdaging om só geskiedenis te maak dat ons nageslag gevorm word op 'n waardevolle skakel in die ketting vanaf 1652. Sukses sal afhang of 'n eie kultuur sterk genoeg gebou het aan 'n stewige ketting.

Prof Heyns sluit af: Ek neem dus die geskiedenis saam die toekoms in.

# OGGEND VIR 'N ST 6!

**Die opstaanklok lui skril. Ek kyk by die venster uit — dis koud en nat. O gaats! Ek moes een van die matrieks al 'n halfuur gelede wakker gemaak het! En nou? Ag wat, ek sal maar wag en sien wat kom.**

Traag begin ek aantrek. Onverwags kon 'n stoomtrein in ons kamer ingestorm — dis die matriek wat ek moes wakkergemaak het! Sy raas en gaan te kere omdat ek haar nie wakker gamaak het nie. Nederig maak ek verskoning. Die trane is naby, want hoe kan ek nou help as ek nie die wekker gehoor het nie? Maar nou ja . . .

Ek besef ek sal nou moet wikkel om klaar te kry, want ek moet nog juffrou x se bed gaan opmaak en haar skoene skoonmaak. Ek is dankbaar as die waarskuwingsklok lui en ons darem vir 'n rukkie in vrede gelaat sal word. Aan etenstafel gebeur nog die ergste. Ek vergeet om die matrieks te groet, ek gooi die melkbeker om en ag, al's loop verkeerd. Maar om te dink — so word ons ware Affies en koshuisbrakke!

Milada Swanepoel
St 6 A

# ONTGROENING

**Bang, bibberende, bedroë blertse bekruip daagliks bewend die onbekende, blou hekke. Groot, onseker oë volg die verhewe "Juffrouens" se handelinge nederig-gereed om hul af te slaaf vir hul "dierbare" matrieks! Hierdie nederige, gedienstige uitvoering van pligte deur st 6'e is te danke aan 'n kursus in intensiewe verwelkoming te Affies.**

Nadat al wat blertsagtig voorkom, verhoor is en hul pleidooi gelewer is, is hulle die reuse eer aangedoen om vir 'n proeftydperk van 'n volle week en 'n half in die hooggeëerde geselskap van die seniordames deur te bring.

Gedurende die tweedeweek is die alle blertse wat nie té atleties verkeer het nie, ingespan om hul talente en gawes voor kritiese Affie-oë ten toon te stel. sodoende moes hulle gekeur word vir Affies — of gedoem vir die Vrystaat.

Dit was voorwaar verbasend om die verskeidenheid talente van die nuwe blertse te sien. Dié wat nie pragtig kon sing nie, kon asemrowend, sekure danspassies uitvoer of oortuigend dramatiseer. Die res kan almal ewe gedienstig snik-snik of kap-kap.

Na dié uiters suksesvolle drama-, sang- en danspogings is die finale beslissing gefel. Die blye tyding dat al wat blerts is-net-net-die Vrystaat vrygespring is, is met jubelkrete aangehoor. Tesame met die nuus lui die doodsklokke van intensiewe verwelkoming" in die meerderheid matrieks se ore . . .

# Leierskursus: 1981

**Vanjaar is die jaarlikse leierskapkursus weer eens aangebied en dit is by die meisieskool gehou. Leiers vanaf st 7 - 10 was teenwoordigend van albei skole. Die funksie het op 'n Vrydagaand in aanvang geneem toe Stoffel en Hannalise albei iets gesê het. Die oorspronklike spreker wat sou gepraat het, kon nie kom nie en prof Heyns van die Universiteit van Pretoria is gvra om te praat oor die rol van geskiedenis vir die toekoms. Hy het kort en kragtig gepraat en tot almal se verbasing was die opening van die kursus baie gou verby.**

Saterdagoggend vanaf agtuur tot twaalfuur moes almal weer by die saal van die meisies aangemeld (in skoolklere natuurlik) om die kursus voort te sit. Hiedie keer is almal in groepe ingdeel onder die bekwame leiding van ds Strauss en elke groep het vrae ontvang vaarwoor die leier van elke groep skriftelik sy groep se antwoorde moes terugrapporteer. Almal het hierdie geselskansie deeglik benut. Daar was ook 'n pouse waartydens koeldranke gratis aangebied is. Mettertyd het die einde van die kursus tot almal se verbasing aangebreek en almal is uitmekaar.

Oor die algemeen was die kursus geslaagd behalwe dat daar klagtes was oor die politieke kleur wat die besprekings later vrae gekry het.

Verder was dit 'n sukses en Stroom-op bedank almal wat deel daaraan gehad het.

R du Plessis


AFFIES - GEVREESDE !!
Beeld
NOODUITGANG
STAMP DIE RUIT

# AFFIES-WENNERS VAN DIE GEESBEKER!



**Daar is beslis 'n goeie gees wat sy vrolike bakkies veral by sportbyeenkomste wys in die Afrikaanse Hoër Meisieskool teenwoordig!**

Dit is bewys toe die meisies die gesogte sangtrofee — die tweede keer in sy driejarige bestaan — op die jaarlikse interhoëratletiekbyeenkoms te Pilditch verower het!

Die dirigente het asemrowend vertoon. So chic soos modelle uit "Vogue" het hulle koel, selfversekerd en sonder helikopters of 'n massa slawe, hul verskyning gemaak. Alhoewel hulle stil-stil aangestap gekom het, het álmal hulle raakgesien. Hulle het onmiddellik ingespring en begin dirigeer. Hulle moes egter nie soos die ander Affies slegs die son trotseer nie, maar ook met hoë spykerhakke (en bye!) rekening hou.

Die Affies het die skare so beïndruk toe hulle tydens teepouse in 'n netjiese blou blok bly sit het, dat daar deur vyandige partye geglo is dat onderwyseresse tussen hulle versteek gesit het (skuldige gewetes?)

Veral die matrieks het dié dag uitgekap. Dit was immers hulle laaste (?!) Interhoër.

Aan ons broers 'n woordjie van bedanking. Julle weet net nie hoe verruklik julle op die pawiljoen vertoon het nie! Die netjiese groen blok het deurentyd as ons aansporing gedien. As julle nie in die koelte gesit het nie, sou julle gewis die sangbeker met ons gedeel het! (Red)

## "Valentine's day"

WEL, WEL! Wie't gesê Affie ouens kan nie ook sentimenteel raak nie? Toemaar meisies, hulle kan! Dit kan sekere meisies, veral koshuisbrakkies, goed bewys. Bý aanskoue van hul Valentynskaartjies, is hier en daar 'n sug van loutere vreugde gegee. Sommige meisies het skoon 'omgetiep', om dan net met 'n geheimsinnige glimlaggie en sterre in haar oë, weer die kaartjie te "omhels". Menige ure is kopgekrap om uit te vind wié die Valentino dan kan wees. Ek wonder net of die seuns darem ook só 'n bietjie gesug het . . . of het hulle geblóós ouens?

Venus

# Met Apologie:




| | |
|---|---|
| Mej De Waal | *—Die een wat deur die nag ons pret beloer en laaste lag is skoppensboer. (E. Marais — Skoppensboer)* |
| Mev Randall | *—Dit is vir my so wonderlik hoe, uit die stille nag, die sterretjies gebore word sommerso uit die dag. (Wonderlik — van Bruggen)* |
| Die onbekende Onnie | *—Ek sien uit hierdie vlaktes rys 'n draak wat oor kriebos en tamboekie waak (Mynstellasies — Mocke)* |
| St 9 Skeinatklas | *—Ons slaap in die rus van die eeue gesus ongesien, ongehoord. (Die Vlakte — Celliers)* |
| Affie op Maandag | *—Die osse stap aan deur die stowwe geduldig, gedienstig, gedwee; die jukke, al drukkend hul skowwe hul dra dit getroos en tevree* |
| Affie op 'n Vrydag | *—So, stom tot die stand van hul sterwe bly ieder 'n held van die daad . . . hul bene, na swoeë en swerwe, lê ver op die velde verlaat . . . (Die Ossewa — Cilliers)* |
| Affie wat nie 'n vraag beantwoord nie | *—Nog sug die wind. Die riete tril. Die grassaat beef, dan is hul stil.* |
| Koshuis-Affie | *—Wat is die slaap 'n woedersoete ding! (Slaap — Malherbe)* |

# Affies gevreesde!!

**Affies, ons kreet lui: "Affies die eerste; Affies Gevreesde" en dit is voorwaar 'n kreet om op trots te wees! Maar hoe waar is dit? Hoeveel waarheid steek daarin as ons met alle mag skree: "Affies Gevreesde"? Dit het in Meisieshoër net hol woorde geword en wie het dit hol gemaak? Ons!!**

Ek hoef maar net die naam 'Menlopark' te noem om hierdie bewering te staaf. Menlopark is 'n skool waarmee op elke sportgebied rekening gehou moet word. In atletiek, swem, hokkie en rugby is daar deurentyd die wete dat Menlopark 'n sterk sportskool is en die vrees om teen die Parkies te verloor. Vir die Interhoëratletiekbyeenkoms het ons al klaar die houding ingeneem dat "Menlopark tog weer sal wen, so hoekom probeer ons dan hoegenaamd deelneem." Affies, dit is nie wat ek beskou as "Affies Gevreesde" nie, maar eerder "Affies Bevreesde"!

Kom ons wend nou 'n daadwerklike poging IN DIE MASSA aan om Affies se naam weer op sportgebied te herstel. Waarom moet ons so sukkel om 'n atletiek- of swemspan saam te stel? Waarom moet ons kinders sméék om hokkie-oefeninge in die winter by te woon? Waarom sit die dagskoliere gemaklik agteroor en sê: "Ag, die Koshuis sal ons maar verteenwoordig"? Dit is juis dáár waar ons moet begin en besluit om in die toekoms so voltallig en ENTOESIASTIES as moontlik aan alles deel te neem en funksies by te woon.

Kom nou, Affies. Ons het al talle kere bewys dat ons iets kan doen as ons wil. Kom ons roei die "Affies Bevreesde" uit en skep weer 'n "Affie Gevreesde" om op trots te wees. As ons nou almal hard daaraan werk, kan ons onsself gaandeweg versterk en opbou; en meer nog, as ons nóú begin oefen kan ons volgende seisoen verwag om die resultate te sien wat ons al hoe nader sal bring aan ons doel. Ons leuse is nie verniet "Ek sien haar wen" nie, of hoe?!

'n Bekommerde Affie

# ST. 9-PREFEKTE

**Soos almal (hopelik) weet, is hier in Affieland nie net spiesgooiers, hoogspringers en wenners(?!) wat hulle dinge op "Old McDonald" se wysie doen nie – hier is ook bedrywige st. 9-prefekte.**

Dis net jammer (en 'n gróót skande) dat dié belangrike skoliere blykbaar taamlik onbekend is en meestal slegs deur hul prefektespeldjies en -baadjies uitgeken word as vreesaanjaende, emosielose prefekte wat slegs die sinsnedes: "MAAK TOE JOU KNOPIE!!" en "WAAR'S JOU KEPPIE!!?" ken!

Alhoewel dit miskien baie onheilspellend en gevaarlik klink, is hulle in werklikheid doodnormale, vriendelike en gawe Affies (miskien net 'n bietjie flukser en soeter!), wat 'n baie belangrike taak in ons skool verrig. Dat die leuse en wagwoord onder hulle 'betrokenheid' is, is nie te betwyfel nie. (Ek dróóm maar net van die wonderlike dag wanneer die héle skool se wagwoord 'betrokkenheid' sal wees.)

Vergeet egter 'n bietjie van al hul pligte en maak so 'n bietjie nader kennis met hulle. Jeanné is natuurlik, op grond van haar boekprys verlede jaar, die skeikundige onder hulle en Annette die taalkundige (Afrikaanse & Engelse). Nerina, Lize en Marianne is ons sangeresse en Nerina ook die pianiste. Marianne is vanselfsprekend ook 'n heldin in die Matieks se oë. ('k wonder hoekom!). Solet en Christané is die koshuisverteenwoordigsters en Solet ook die Latinis. Truda en Madelein is die finansiële eksperts. Madelein is ook die skerpskut. Anna-Marie is die rooikop, en as eertydse snoepiebeampte het Gisela nie juis bekendstelling nodig nie. Mariëtte is die alles-in-een een!

Hulle is natuurlik almal baie betrokke by sport en ander buitemuurse aktiwiteite. Hulle is ook gewild by die nasie hier oorkant die straat . . . (Veral party – ek sal liewer nie name noem nie . . . )

So terloops . . . 'n paar toekennings:
Kwaaiste van die termyn: (oop vir kompetisie)
slankste van die termyn: Jeanné
Skrywerigste van die termyn: Solet
Jongste van die termyn: (vars van die kleuterskool): Truda
Snaakste van die termyn: Madelein
Sportiefste van die termyn: (1ste plekke): Madelein, Truda, Marianne, Jeanné (2de plekke: die res)

Aan al twaalf van julle wens ek alle voorspoed toe vir die res van die jaar, en . . . DANKIE!!

'n Bewonderares in st 9




# Affies se 61e bestaansjaar

**Dit was 'n trietsige dag, nie net wat die weer betref nie, maar ook wat met party leerlinge gebeur het . . .**

Ten spyte van al hierdie dinge wat gebeur het, was dit ook een van die verjaarsdae wat seker onthou sal word. Die gebruiklike samekoms tussen die meisies en seuns het nou wel nie plaas gevind nie, maar daar was ander dinge wat daarvoor gekompenseer het.

Die tradisionele vorm van verjaarsdagviering is ook so 'n bietjie verander toe ons i p v 'n groot seremonie op die pawiljoen te hê, reusagtige vrugtefees gehou het. Die oggend het meneer Malan, een van Affies se oud-Hoofseuns en met 'n groot Affie-geskiedenis ten opsigte van sý familie, ons hom toespreek. Hy het ons ook duidelik laat verstaan dat as hy in beheer van sake was ons beslis nie die besondere dag skool sou gegaan het nie. Natuurlik was die leerlinge baie ingenome met hierdie stelling, maar nouja . . .

Dié dag het daar weer eens 'n besondere gees tussen die leerlinge geheers en die begin van 'n nuwe dekade van Affies is goed begin terwyl die herinneringe aan die verlede ons weer tot dankbaarheid gestem het.

# Interhuis-atletiek

**Die interhuis-atletiek was soos gewoonlik een van die hoogtepunte van die skooljaar. Die byeenkoms was van hoogstaande gehalte en puik prestasies is gelewer.**

Om individuele prestasies uit te sonder, sou onredelik teenoor die ander wenners wees, want om in Affies 'n eerste plek op die atletiekbaan te behaal, is al reeds 'n uitsonderlike prestasie. Tog wonder ek of 'n mens ooit sal vergeet hoe Alex die 100 m-naelloop, te midde van die nat omstandighede, in 'n pragtige tyd gewen het, of Stoffel se rekords in die stywerp en gewigstoot. Of wie sal ooit vergeet hoe stil die tussen die koshuismanne was toe Adriaan Maarschall sierlik oor die dwarslat geseil het om die bestaande hoogspringrekord met 'n volle 7 cm te verbeter en die chaos wat daarna losgebreek het?

Koshuis het weer eens korte mette met die ander spanne gemaak, en dit het weer vir ons daarop gewys dat war ook al, dit noodsaaklik is om saam te staan, en as 'n eenheid te slaan. Hartbeeste was tweede, met Koedoes derde en die Elande laaste.

Die geesbeker is gedeel deur die Koedoes en die Koshuis. Dit was veral in die Koshuisgeledere waar 'n paar belowende liedjieskrywers en sangers na vore getree het. Ons sal maar nie name noem nie, né Wash?

Ten spyte van die reën het ons almal 'n heerlike dag gehad. Ons sê groot dankie aan elkeen wat bygedra het om die interhuis-atletiekbyeenkoms 'n groot sukses te maak.




# Koshuis-kaskenades...

WAT IS die ergste? Om ru uit jou droompies geruk te word deur 'n koshuisklok wat 2 verdiepings (wel, dit klink so) ver val, 1 uur die nag, of om saggies gewek te word deur 'n standerd sessie wat krokodiltrane produseer. Snaaks hoe die verlange erger word hoe ouer die nag word!

Toemaar sessies, dit het met ons ook gebeur hoor!

Een ding is seker, 'n koshuis is die avontuurlikste plek om na te verhuis. Hier bebeur BAIE opwindende, interessante, fantastiese, lewendige dingetjies ... vra maar enige matriek! Komaan Affies, dis tyd om weg te breek nou, 'n Koshuis vol opwinding, koshuis gee nou die pas aan ...

'n Koshuismatriek

# Interhuisswem – Die koshuis blink uit

**Op Maandag 2 Februarie het die koshuis weer eens sy spiere vir die ander spanne gebult. Dit was toe die koshuis die interhuis swemgala gewen het.**

Die gala het op 'n hoë en spannende noot begin in die kompetisie onder al vier die spanne was baie straf. Sommer van vroeg af was die punteverskil tussen die spanne maar wynig. Daar is naels gebyt, gesing en geondersteun van alle kante.

Uiteindelik en bra na aan die einde, het dit duidelik geword dat die tweestryd om die eerste plek tussen die Koedoes en Koshuis gelê het. Daar is besef, "dis nou of nooit" en albei spanne het alles in die stryd gewerp. Toe die aflosse aanbreek, was die Koedoes 'n skrale ses punte voor die Koshuis, maar die Koshuis se O/15, O/17 en O/19 aflosse het die knoop deurgehaak en die Koshuis kon weer eens met 'n eerste plek loop.

Of dit nou die saamstaan, saambly of koshuiskos is wat hierdie puik prestasie, die eerste keer in 7 jaar, teweeggebring het, kan 'n mens nie met sekerheid sê nie, maar met die klank van "Ons is die koshuismanne, gee pad die ander spanne" ... in die agtergrond, besef 'n mens opnuut dat saamstaan of eendrag mag maak.

Aan die Koshuisswemspan en mnr Brooks, baie geluk. Aan die Koedoes, Elande en Hartbeeste — die uitdaging vir volgende jaar staan!

# Aksie: Mieliespluk

**Sal dit jou verbaas om 04h00 AHM se kombi in die straat te sien? Dit sal jou nóg weer verbaas as jy weet daar is elf Matrieks in wat op pad is om ... te gaan mielies pluk!**

Vir die afgelope 15 jaar kom daar hierdie tyd van die jaar, 'n klomp jongmense op Dr A J Erasmus se plaas byeen vir 'n mieliepluk-aksie.

En was daar nie aksie nie!! Het jy al kwart oor vier in die oggend donkie gery? Ons het wel, en daar het mej De Waal haar ruitersvernuf tentoon gestel.

By die mielielande het dinge aanvanklik maar voel-voel gegaan om die mielies in die donker in die hande te kry. Soms het dit maar moeilik gegaan, party kon nie eers in die lig tussen 'n mielieplant en kakiebos onderskei nie.

Party het natuurlik vergeet dat die aksie ... mieliepluk was, veral nadat daar ontdek is dat AHS se koshuisprefekte ook in die omgewing besig was. Dis dié dat Mej De Waal naderhand opgemerk het dat sommige baie vinniger pluk as ander ... In die verband wonder ek hoe dit kon gebeur dat Stoffel se bril gebreek het.

Toe die dag breek, het ons genoeg mielies gepluk om die koshuis 'n maand lank op 'n stewige mieliedieet te sit!!



## KOSHUIS




# KOSHUISMATRIEKS SÊGOED

Loma Marx: Goebbels, ek sal jou klap, meisiekind!
Sonja Coetzer: Julle hardloop nié in die matriekvleuel nie.
Nerene van Rooyen: St 6, ek skryf môre Afrikaans en het nog niks geleer nie.
Sonja Smith: Ek bring nóú my ordemerkeboekie!
Gina Pienaar: Stuur vir my 'n St 6!
Loekie Erasmus: Spas, maak gou met my koffie, ek wil dit nie vir ontbyt hê nie.
Mariene Potgieter: St 6, hardloop na my kamer en kyk of die lig af is, en as ek om die draai kom, moet jy terug wees.
Amanda Kleynhans: St 6 kyk of daar 'n brief vir my is.
Esprance de Bruyn: Lekker lalies!
Alba Langley: Goebels jy is d eur die haal ge . . .
René Seegers: St 6, het jy vir my 'n paar tennisballe?
Anél Moller: St 6, maak styf toe die deur.
Ingrid de Loor: St sesse, julle is dood.

# KOSHUISMATRIEKS SE TOP 20

| | |
|---|---|
| Loma Marx | The Jazz Singer |
| Marlene Potgieter | Love thy neighbour |
| René Solomon | Take that look of your face |
| Loekie Erasmus | Run like the wind |
| Gina Pienaar | Pinocchio |
| Alba Langley | man on the moon |
| Reneé Seegers | Rock me |
| Sonja Smith | Lady |
| Nerene van Rooyen | Video killed the Radio Star |
| Esprance de Bruin | Mammy Blue |
| Amanda Kleynhans | D.I.S.C.O. |
| Sonja Coetzer | Great Balls of fire |
| Anèl Moller | Don't cry for me Argei |
| Ingrid de Loor | The winner takes it all |

# *Wat is 'n Koshuis – Std 6?*

'N KOSHUIS — st 6 het altyd iemand om te groet. Gelukkig is hulle nooit ledig nie — die matrieks ken die spreekwoord "ledigheid is die duiwel se oorkussing". Hulle kan ook die onmoontlike in die kortste tyd moontlik doen — dus onmiddellik! Die onmoontlike doen hulle dan ook altyd met 'n breë glimlag wat van oor tot oor strek. Die koshuis st 6'e sal ook altyd fiks wees — weer eens aan die matrieks te danke.

Die Koshuis — standerd sesse is dus eintlik fantastiese kreature – maar hulle matriek-juffrouens is nog steeds die beste!

# *NAWEKE VAN 'N KOSHUISAFFIE*

**Hoe gelukkig is ons generasie, wat tans deel van die koshuis uitmaak om gereeld 'n naweek te kan kry!**

Ek was in st 6 maar het toe slegs vier keer per termyn huis toe gegaan. Hoe aaklig was dit toe nie! Ek was dan so vreemd, verward en so beskree deur 'n enorm matriek dat ek gewens het Ma wil liewer 'n bietjie die riem vir hulle wys!

Nou sit ek in matriek. Juffrou weet ook al as dertien bedrewe mtriekdogters haar kantoor binnestap hulle alweer 'n "gunsie" wil vra, 'n groot gunsie.

Baie dankie Juffrou dit maak ons weer ???? vir die rooi baksteengebou . . . die kolonie waar almal van ons soos miere saamwerk en saam woon.

Liefdetjies 'n gawe Matriek




*"Follow our footsteps"*

# STEL JOU VOOR

Loekie sonder haar spies.
Gina sonder haar 'kit bag'
Alba sonder haar geraas
Hannelie sonder drama
Lynette sonder Liquifruit
Kotie sonder haar ordemerkboek
Mona sonder haar looks
Pottas sonder haar humeur
Pikkie sonder haar beskuit
Anita sonder haar ideaal
Karin V sonder haar tekkies
Linda sonder haar naam oor die interkom
Louise sonder 'n drukkie
Karin R sonder haar "heroes"



♡ KOSHUIS-MIDDIE! ♡


2
9
5
60



## SPORTMAN VAN DIE DIE TERMYN

# Alex Thomson

**Op 15 Augustus 1963 is Alex Thomson in Suid-Afrika se diamantstad, Kimberley, gebore.**

Reeds op 'n vroeë ouderdom het hy na Pretoria verhuis, waar hy in 1970 na die Laerskool Oost-Eind is. Alhoewel hy reeds vanaf graad een aan atletiek deelneem, het Alex eers in st 3 begin om oorwinnings te behaal. Die hoogtepunt van sy laerskoolloopbaan was beslis toe hy die 80m Seuns O/13 op interlaer met 'n puik tyd van 10,3 sek gewen het.

Gedurende 1980 het Alex se talent na vore gekom toe hy op 'n byeenkoms te Overkruin 'n tyd van 10,9 sek oor die 100m vir Seuns O/17 gehardloop het.

Gedurende die winterseisoen van 1980, het Alex egter rugby gespeel en het hy eers in Januarie 1981 sy aandag weer aan atletiek begin wy.

Afgesien van al sy ander aktiwiteite het hy nogtans puik presteer in die 100m en 200m vir seuns O/19.

Sy beste tye vir die seisoen lyk soos volg:

1) 100 meter, grasbaan, handtyd — 10,6 sek.

2) 200 meter, grasbaan, handtyd — 21,5 sek.

3) 100 meter, tartan, elektronies —10,81 sek.

4) 200 meter, tartan, elektronies —21,61 sek.

Volgens Alex, was die grootste oomblik van sy loopbaan beslis sy oorwinning oor Van Vuuren te Overkruin en op dieselfde dag die oorwinning van AHS se O/19 seuns in die Administrateursbeker kompetisie.

Alex se verkiesing tot die Noord-Transvaalse atletiekspan is nie net vir hom nie, maar ook vir Affies 'n groot eer. Dit bied ook aan hom die ideale geleentheid om sy reeds puik tye nader te bring aan die SA-rekord.

Aan Alex, alle sterkte met die toekoms — gaan voort — dra Affies se naam hoog.

Baie geluk!!

# SKERM '81

**DAAR IS hierdie jaar weer met skerm by Affies begin. Mnr Van Wyk was so gaaf om vir ons 'n Engelse kampioen as afrigter te kry om dié afrigting waar te neem. Hy is mnr Ken Pearson, seker op die oomblik die beste afrigter in Suid-Afrika.**

Skerm is 'n redelike jong sportsoort in Suid-Afrika en ons is bevoorreg om so 'n ervare afrigter te hê. Sy een doel is om 'n junior kompetisie in te stel vir skole. Ongelukkig word net een van die drie skermkunste aangebied, nl die floret.

Die klasse vorder goed en daar is baie belowende skermers. Twee jaar gelede het Affies Coenraad du Plessis opgelewer wat 'n Springbok geword het. Daar is beloftes van nog 'n paar. Dit is 'n ope klub met leerlinge van Seunshoër, Meisieshoër, Boys High en verskeie laerskole. Die meerderheid is Affies en ons is bly om soveel geesdriftiges onder die Affies te vind. Skermklasse is op Donderdaemiddae van 14h15 tot 15h35 en kos R36 per termyn. Almal is welkom, seuns en meisies. Daar is altyd plek vir uitbreiding. Miskien het jy 'n verborge talent. Ons nooi jou dus uit om dit te kom ontwikkel. Teen volgende termyn sal daar al seker 'n interskole kompetisie plaasgevind het en ons sal dan verslag kan doen oor hoe die Affies gevaar het.

## *AFFIES VS GREYKOLLEGE*

# Nog 'n segetog na Grey

**Die jaarlikse mededinging teen Grey Kollege van Bloemfontein (om so ook ons vriendskapsbande te versterk en die lig van Affies uit te dra) is soos vantevore op 'n hoë noot begin en op 'n nog hoër noot afgesluit.**

Die lang pad is verwyl met sing en lag. O ja! Dan was daar ook nog mnr Simpson en Brooks wat aan hul leerlinge demonstreer het wat laatnagte aan 'n mens se kaartspel doen — miskien meer geslepenheid as 'n verbetering. So het hulle 'n hele paar van ons 'n goeie les of twee geleer. Mel se snuifblikkie was 'n onmisbare toevoeging tot die joligheid.

In Bloemfontein is ons met ope arms ontvang. Iets wat 'n indruk op ons gelaat het, is die gasvryheid van die mense daar op die Vrystaatse vlaktes wat vanjaar lowergroen is.

Die volgende dag is ons dou voor dag uit die vere. Ons was toe al baie lus vir die bekvelders aan wie se demoraliserende praatjies (soos hulle gedink het; ons het meegevoel met hulle onkunde) ons blootgestel was. Sommige van ons het 'n laat nag gehad en dit het gelyk asof die Greymanne ons blykbaar op so 'n slinkse wyse buite aksie wou stel.

Om ons goeie weerbaarheid te bewys, gee ek die uitslae waaroor ons die middag gedagtes oor die etenstafel gewissel het. Die tennis het met 25 wedstryde teenoor twee gewen; die golf het 2½ - 1½ gewen. Die skaak het vyf elk gelykop geëindig, maar in die swem het ons die onderspit gedelf.

Ongetwyfeld was die uitslae nie so belangrik nie, maar die gees waarin alles plaasgevind het, was bo alle twyfel die wenner.

Ons sê dankie vir ons ouers en onderwysers wat dit moontlik gemaak het, maar bowenal dank ons God wat die gewer is van alle gawes.

# Krieket

**Die Krieket van die Afrikaanse Hoër Seunskool staan die jaar op die drumpel van 'n groot sukses. Die belangstelling deur die Affies en die goeie opkoms na die krieketoefeninge lyk ontsettend belowend.**

Ons het al 'n paar krieketwedstryde gespeel, en die uitslae was oor die algemeen oortuigende oorwinnings. Party van die wedstryde het prag krieket opgelewer en dit is te danke aan mnr Hennie van Huysteen se puik afrigting en toegewydheid en ons wil hom al by voorbaat daarvoor bedank.

Ons sien uit na die krieketseisoen later in die jaar en ons verwag dat daar prag krieket gespeel gaan word en dat die krieket vele verrassing vir die Affies en die publiek gaan inhou!

## Skyfskiet 1981

**Skyfskiet is 'n baie gesogte sportsoort by ons skool. Die skietbaan is nou vergroot van 6 na 18 skietgate. Tydens kadetperiode kry elke peloton die geleentheid om sy skietvernuf te toon. In die verlede kon beide die spanne nie hoë hoogtes bereik nie, omdat nuwe gewere aan ons uitgereik was. Daar was ook maar weinig kans vir oefening.**

Vir die jaar 1981 word groot dinge voorspel. Die skuts raak nou gewoond aan die gewere en die juniors toon veral groot belangstelling.

Sterkte vir 1981!

# Sport

# *GHOLF*

**Vanjaar, in samewerking met Johannnesburgse skole, is 'n skoleliga gestig waar in Affies 'n span van ses ingeskryf het. Die span bestaan uit: Frans te Groen, Martin te Groen, Marcell van der Walt, Gertjie Hugo, Jannie Jonck en Jaco Roestoff.**

Ons neem vanjaar weer deel aan die Allied toernooi waarin ons die afgelope twee jaar so goed gevaar het. Ons wil graag vir Frans en Martins te Groen gelukwens met hul verkiesing as kaptein en sekretaris onderskeidelik. Met so 'n span is dit 'n voldonge feit dat 1981 'n suksesvolle gholfjaar sal wees en Menlopark weer op hul plek gesit sal word.

# 'n Waardebepaling van Affies se rugbykrag

**By Affies is dit nou maar eenmaal so, dat die geslaagdheid van 'n jaar, gemeet word aan die prestasies op die rubbyveld. Met die doel, om 'n span saam te stel wat die Administrateursbeker in 1981 na sy regmatige tuiste te bring, is daar op 9 Maart grootskaalse proewe op Loftus gehou.**


Van twee-uur af, het die manne begin opdaag. Terwyl die proefspanne uitgelees is, het die spanning begin toeneem. Twaalf proefspanne, 180 rugbyspelers, het in die wedstryde wat gevolg het, hulle harte uitgespeel om die een of ander afrigter se oog te vang.

Nou, na die tweede reeks proefwedstryde en die ergste seer al vergete, kan ons nou al 'n redelike mate bepaal wat hierdie jaar op die rugbyveld gaan gebeur.

Die gees onder die rugbyspelers is puik; die moed, welskrag en deursettingsvermoë is daar, maar wat van die geestelike toestand van dié spelers? Is elkeen van ons bereid om ons mede-speler aan te moedig en hom die nodige vertroue te gee wat hy beslis gaan benodig die dag as Affies in die Administrateursbekerfinaal speel?

Affies is vanjaar in die bevoorregte posisie dat sy pak voorspelers van uitstaande gehalte is. Met Stoffel en Brink aan die voorpunt gaan hierdie agt menige span platvee. Affies het 'n briljante skakelpaar, en volgens my, sal dié twee, nl Chris en Alex die kern van die span uitmaak. Die res van die agterlyn is werklik van puik gehalte, met miskien net 'n brobleem op heelagter.

Met alles in ag geneem, dink ek dat 1981, net soos 1978 weer eens sal bewys dat Affies die werklike rugbykrag in Transvaal is.



# WATER-POLO

**Wanneer daar gepraat word van sportsoorte wat minder belangrik geag word en waarteen gediskrimineer word, kan waterpolo altyd genoem word. By Affies is dit 'n sport wat besig is om uit te sterf. 'n Sport waarin Affies eens op 'n tyd die sterkste in Pretoria was. Nou is Boys High, ons grootste vyande en Clapham die sterkste skole in waterpolo in Pretoria. Selfs die "skooltjie" oor die bult, Menlopark, is sterker as Affies in waterpolo. "Wat veroorsaak hierdie tendens?" kan 'n mens jou seker afvra. Hierop is slegs een antwoord, en dit is belangstelling.**

Wanneer daar geen onderwyser is wat Waterpolo aanbied op Affies nie kan 'n mens nie verwag dat Affies se Waterpolo van gehalte moet wees nie want almal wat wil speel, moet dan by klubs soos Hillcrest of Harlequins aansluit. Vanjaar moes Affies Grey Kollege aandurf met 'n span leke en die telling 10-1 teen ons getuig daarvan. As daar nie binnekort iets gedoen word nie, gaan hierdie sportsoort by Affies wat as 'n gebalanseerde skool wat alles betref beskou word, uitsterf.

Asseblief, moenie passief wees nie, wees behulpsaam en help hierdie edel sportsoort om weer sy regmatige plek in te neem.


**Menlopark is goed**

*Wil julle BETER wees?*

**Kom oefen saam met baie ander Affies om superfiks vir enige sportsoort te word**

**SYNNYSIDE SYM**

*Esselenstraat, oorkant Martin Jonker Motors*

*Tel: 44-5344*

**SLEGS R9.00 pm**